



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2023

NASIENRIGLYNE

NOORDWES

PUNTE: 40

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.

NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

AFDELING A: KORTVERHALE**VRAAG 1: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer****VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	(Op 'n) Sondag(môre)	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het te veel gedrink. • Hy was dronk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Jan • Die skoonmaker • Een van die mense wat in die hotel gewerk het (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.3.2	Hy moes gaan kyk of Rooikoos in sy (eie) kamer/kamer 11 was. (Of soortgelyk)	1
1.4	gelykop gespeel/kop-aan-kop gespeel	1
1.5.1	simpatiek teenoor	1
1.5.2	vir Rooikoos 'n goeie les leer	1
1.6	<ul style="list-style-type: none"> • Rooikoos het van sy stoel afgeval omdat hy te veel gedrink het. • Die Barrydalers het Rooikoos na hulle hotel toe gevat. • Die Barrydalers het Rooikoos se baard afgeskeer. • Rooikoos het gehuil, want hy het nie geweet wie hy was nie. (Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.) 	1 1 1 1
1.7	D/nie die dinge geken het wat hy buite die hotelkamer gesien het nie.	1
1.8.1	D/... gee vir ons meer inligting oor Rooikoos.	1
1.8.2	E/... het geweet wat om te sê om te keer dat die mense met mekaar baklei.	1
1.8.3	A/... was seker dat sy dorp se span gaan verloor.	1
1.8.4	C/... het Rooikoos die Sondagoggend laat besef dat hy nie in sy eie kamer was nie.	1
1.9	Hulle het geweet dat ... <ul style="list-style-type: none"> • Rooikoos te veel drink/n drankprobleem het. • hy reeds dronk was. • hy aggressief raak/moeilikheid veroorsaak as hy dronk is. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.10	Die Barrydalers het ... <ul style="list-style-type: none"> • hom in die hotelkamer laat slaap/nie buite iewers gelos nie. • hom nie aangerand/seergemaak nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.11	<p>Rooikoos ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het verkeerd opgetree. • het met die rugbywedstryd ingemeng. • het swak sportmangees gewys. • moes leer dat daar gevolge is vir die dinge wat hy doen. • het die losskakeltjie laat skrik. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
1.12	<p>Aan die einde van die verhaal ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • soek Rooikoos na homself. • weet Rooikoos self nie wie hy is/herken hy homself nie. • weet/verstaan Rooikoos nie wat aangaan nie/waar hy is nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1

VERHAAL B: "DIE TONGBLAAR" – Pirow Bekker

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.13	<ul style="list-style-type: none"> • (In) (lang)pouse • Toe hulle van hulle losiesplek af terug skool toe gery het/op pad terug skool toe. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
1.14	<p>Wynand het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • nie uitgesien na die vakansie nie. • sag geraak oor 'n meisie/verlief geraak. • meer bewus geword van Elsie/Spikkels. • nie meer van die bynaam Spikkels gehou nie. • geïrriteerd geraak met Klaas. <p>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2
1.15	A/die by Wynand gesteek het.	1
1.16	<ul style="list-style-type: none"> • Klaas was bekommert/besorgd. • Klaas het gevoel hy moes iets doen om Wynand te help/wou Wynand dokter toe vat. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
1.17.1	Waaipoort	1
1.17.2	swem	1
1.17.3	Kontant/sy perd/sy (geel)poon	1
1.17.4	(seël)ring	1
1.18.1	E/Wynand het gewens dat hy 'n paar groen moerbeie gehad het.	1
1.18.2	D/Dit was vir Wynand lekker om op die plaas te werk.	1
1.18.3	A/Wynand het die miershoop met klippe gemerk.	1
1.18.4	C/Wynand het gewonder wat Elsie van die tongblaar sou dink.	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.19	Wynand het die blaar in sy (baadjie)sak/(bo)sak gebêre. (Of soortgelyk)	1
1.20.1	irriterend	1
1.20.2	'n probleem	1
1.21	<ul style="list-style-type: none"> • Dit maak mense se gevoelens seer/ongelukkig. • Byname is gewoonlik negatief. • Elke mens het 'n naam. • Mense wil graag op hulle name genoem word. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.22	<ul style="list-style-type: none"> • Klaas sou hom spot. • Wynand was bang dat Klaas vir Elsie/almal gaan vertel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.23	<p>Die skrywer ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • sê dat Wynand op sy fiets spring. (meer beskrywende werkwoord) • beskryf dat Wynand die fiets trap dat die speke soos snare sing in die wind. (alliterasie en beeldspraak) • gebruik woorde wat daarop dui dat Wynand lekker/vinnig/energiëk weggerig het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.24	<p>Ek leer dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • mooi goed nie altyd geld kos nie. • eenvoudige dinge mooi kan wees. • dinge uit die natuur mooi is. • Elsie positief reageer het op/waardeer het wat Wynand gedoen het. • mense dikwels anders reageer as wat jy verwag het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: DRAMA**VRAAG 2: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1.1	Silwerkloof/Silwerklof	1
2.1.2	3/drie	1
2.1.3	Sabrina	1
2.1.4	strooi/gras/hooi/(ou)strooi	1
2.2	Haar pa woon in Australië/oorsee/ver/in 'n ander land/Australië/nie in Suid-Afrika nie. (Enige EEN of soortgelyk)	1
2.3	B/hy nie glo wat Wilma van perde vertel nie.	1
2.4	'n metafoor	1
2.5	<ul style="list-style-type: none"> • saal(s) • leiband(e) • tooms • stiebeuels • perde se toerusting (<i>Sluit kolpunt 1 – 4 in, indien kandidaat hierdie antwoord gee – slegs 1 punt</i>) (Enige TWEE of soortgelyk) 	2
2.6	graad 12/matriek	1
2.7.1	skrikkerig is vir	1
2.7.2	arrogant is	1
2.8.1	D/... se straf vir Lucky het vir hom gewys dat ander mense ook seerkry en swaarkry.	1
2.8.2	A/... het gedink Lucky sou goeie lesse oor diere op die perdeplaas leer.	1
2.8.3	E/... het vir Lucky verduidelik dat 'n mens uit jou foute moet leer.	1
2.8.4	B/... het vir Lucky laat besef dat hy gelukkig is om 'n ma te hê wat vir hom sorg.	1
2.9	Lucky ... <ul style="list-style-type: none"> • was nie 'n gelukkige mens nie/het slechte dinge in sy lewe ervaar/was ongelukkig. • het oor baie dinge gekla/was altyd ontevrede/negatief. • het lelik/kru gepraat/ander gespot. • het gedink hy is die enigste een wat seerkry/swaarkry. • was ongelukkig omdat hulle arm was/sy ma baie hard moes werk. • is gestraf vir iets wat hy verkeerd gedoen het/moes gemeenskapsdiens uitdien. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.10	<ul style="list-style-type: none"> • Hy stereotipeer ryk mense./Nie alle ryk/wit mense is sleg nie. • Dis lelik om mense rotte te noem. • Dis verkeerd om so te verwys na mense wat jy nie eens ken nie. • Hy moet ander mense respekteer. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> 	1
2.11	<p>Die dramaturg/skrywer wil vir ons wys/beklemtoon dat Wilma ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • baie lief is vir haar perde/die perde mooi behandel. • weet hoe om met haar perde te werk/gewoond is daaraan om met perde te werk. • weet wat om te doen om die perde rustig te hou. • regtig glo diere verstaan wat mense sê. • diere respekteer. • met 'n merrie/vroulike perd praat. • die perde soos/as haar kinders sien. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> 	1
2.12	<p>Mense soos Wilma ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • help ander mense/het 'n goeie hart/is goeie mense. • gebruik haar perde om gestremde/hartseer/ongelukkige mense te help, bv. Binki/Lucky/Ansie/die De Beers/twee Downsindroom-kinders/n seun wat breinskade het. • gee vir kinders soos Lucky 'n kans om meer van perde te leer. • leer mense om diere te respekteer/verstaan/hanteer. • leer ons dat 'n mens uit jou foute kan leer. • wys dat daar tweede kanse is en dat jy dit moet benut. • veroordeel nie. • wys vir ons dat daar nog goeie mense op aarde is. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> 	1
2.13	(Op) Saterdag/Saterdae	1
2.14.1	(Met) Grace	1
2.14.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die perd se been/poot was gebreek/het seergekry. • Die perd het baie pyn verduur/het gely. • Die veearts kon sien dat die perd nie sou regkom nie/kon die perd nie help nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> 	1
2.15	B/verbaas	1
2.16	<p>Lucky se ma ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het hom geleer om ouer mense met respek aan te spreek. • het hom geleer om hulle nie op hulle name te noem nie. • het vir hom goeie maniere geleer/hom reg geleer. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> 	1
2.17.1	verstaan	1
2.17.2	negatief	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.18	<ul style="list-style-type: none"> • Wilma was geskok. • Sy het dit nie verwag nie. • Sy was woordeloos/het nie geweet wat om te sê nie. • Sy was hartseer/ongelukkig/het sleg gevoel. • Sy was kwaad vir Lucky/het nie daarvan gehou nie. • Sy was teleurgesteld/ontsteld. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde wat op 'n negatiewe emosie dui.)</p>	1
2.19	<ul style="list-style-type: none"> • Lucky was jammer dat hy Wilma 'n ou dronkie genoem het. • Lucky het die hele storie van die katjies vir Binki vertel. • Lucky het probeer om Kaizer te slaan. • Lucky het vir Kaizer gesê hy is jammer dat hy die katjies doodgemaak het. <p>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)</p>	1 1 1 1
2.20.1	D/Binki was skaam oor die letsels wat sy opgedoen het.	1
2.20.2	E/Wilma het die perde se krag gebruik om ander mense te help.	1
2.20.3	C/Lucky is gestraf omdat hy wreed teenoor diere opgetree het.	1
2.20.4	A/Lucky het respek vir diere gekry.	1
2.21	Lucky ... <ul style="list-style-type: none"> • het self sy naam op Binki se foon na <i>Extra Lucky</i> verander. • het baie goeie lesse oor die lewe geleer/geleer dat ander mense ook swaarkry. • het geleer dat daar ook goeie dinge in sy lewe is/dat hy meer het as party ander kinders/het besef hy het 'n goeie ma. • en Binki het maats geword/het vriende geword met Wilma/die perde. • het geleer om diere en ander mense met respek te behandel. • het nie meer oor alles gekla nie. • het vergifnis by Kaizer gekry. • se lewe/houding het positief verander/was nou gelukkig. • was bly, want sy ma het by mense gewerk wat goed was vir haar. • het geleer dat ryk mense ook probleme het. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.22	<p>Binki ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • was nie meer bang vir die perde nie. • het saam met die perde/Lucky en Wilma in die rondte gehardloop. • het nie meer omgeggee/was nie meer skaam dat ander haar letsels sien nie. • het sonder moue rondgeharkloop. • het vrede met haar omstandighede gemaak/was nie meer hartseer omdat haar ma haar so sleg behandel het nie/haar nie kom haal het nie. • het haarself/die dinge wat met haar gebeur het, aanvaar. • het haar ma "Ma" genoem. • was tevrede om op die plaas te bly. • het nuwe maats gemaak. • het besef sy is nie alleen nie. • was nie meer skaam nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
2.23	<ul style="list-style-type: none"> • TITEL: <ul style="list-style-type: none"> <input type="radio"/> Die perde is fisies sterk. <input type="radio"/> Die perde het baie krag. <input type="radio"/> Die perde kan swaar werk doen. <input type="radio"/> Die perde kan gevaaerlik wees. <input type="radio"/> Die perde het die vermoë om siek mense te help/genees/beter te maak. <input type="radio"/> Die perde verstaan mense. ✓ <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p> • KAIZER SE OPTREDE: <ul style="list-style-type: none"> <input type="radio"/> Kaizer was nie bang vir Lucky nie. <input type="radio"/> Kaizer se krag het Lucky bang gemaak. <input type="radio"/> Kaizer sou Lucky baie seer kon maak. <input type="radio"/> Kaizer het Lucky vergewe en so gehelp om die skuld oor die katjies te verwerk. <input type="radio"/> Kaizer het sy kop op en af geskud. <input type="radio"/> Kaizer het sy poot vir Lucky gelig. <input type="radio"/> Kaizer het sy neus teen Lucky se skouer gedruk. <input type="radio"/> Kaizer het Lucky 'n beter persoon gemaak. <input type="radio"/> Lucky het respek vir Kaizer. ✓ <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p> <p><i>(Let wel: Titel en optrede kan na die letterlike of figuurlike betekenis verwys.)</i></p> 	2

TOTAAL AFDELING B: 40
GROOTTOTAAL: 40